**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 0 3 5 | 9 8 1 0 3 0 3 0 3 | 1 5 | 1 8 6 5 7 |

Beeld  Jg............ Nr...................... P...../..... Dat. 30 OCT 1998

# Belasting vir rykes voorgestel om versoening aan te help

**Desmond Thompson**
dthompso@beeld.com

Rykdombelasting (*wealth tax*) is een van verskeie aanbevelings in die Waarheid-en-Versoeningskommissie se verslag wat na verwagting 'n groot opskudding in die sakegemeenskap gaan veroorsaak.

Die WVK stel voor dat die haalbaarheid van onder meer rykdombelasting ondersoek word as 'n manier om armes te bemagtig.

"Die reusagtige en groter wordende gaping tussen rykes en armes is 'n ontstellende erflating van die verlede wat die koms van demokrasie nie verbeter het nie. Dit is moreel afkeurenswaardig, politiek gevaarlik en ekonomies ongesond om toe te laat dat dié situasie voortduur," lui die verslag.

Die WVK voer aan dat versoening nie bereik sal kan word sonder om aandag aan ekonomiese ongelykhede te gee nie.

Die WVK sê veral die sakegemeenskap het 'n belangrike rol om in dié verband te speel.

Die WVK stel voor dat ondernemings 'n spesiale "sake-versoeningsfonds" tot stand bring om ontwikkelingswerk onder benadeeldes te doen.

Nog aanbevelings wat na verwagting 'n opskudding gaan veroorsaak, is 'n eenmalige heffing op korporatiewe en private inkomste en 'n terugwerkende heffing op maatskappywinste tot by 'n vasgestelde datum.

In die verslag word aanbeveel dat elke maatskappy op die aandelebeurs 'n eenmalige skenking van 1% van hul mark-kapitalisasie doen.

'n Heffing op "goue handdrukke" aan senior staatsamptenare sedert 1990 word ook voorgestel.

Maatskappye moet hul onbenutte grond tot grondloses se beskikking stel, beveel die WVK aan.

Die Sasria-fonds moet oorweeg word as bron vir die finansiering van vergoeding vir slagoffers, ontwikkeling en heropbou.

Voorts word aanbeveel dat meer aandag aan werkskepping gegee word. Die staat moet oorweeg om mense te vergoed wat hul ondernemings in die onrus van die jare tagtig en negentig verloor het, beveel die WVK aan.

**TREFWOORDE**

1 Thompson Desmond
2 Kommissie vir Waarheid
3 Verslae
4 Aanbevelings
5 Belasting
6 Rykdom
7 Herverdeling van Rykdom
8
9 Armoede
10 Vergoeding aan Slagoffers